

TEMA: GLO GOD IS GETROU

SKRIF: GENESIS 22:1-19

Ek het besluit om die leesroosterteks vir hierdie Sondag as uitgangspunt vir die prediking te neem.

Maar ek het nie vêr gelees nie, toe wil ek nie meer hierdie teks preek nie. Dit het te rou in my binneste herinner van die vrese en vertrouwe wat mekaar afgewissel het met Wilmarie ons middelkind se onlangse beroerte op jong ouderdom. As mens so onlangs deur die skok van jou kind se ervarings werk, sny dit tot in jou binneste as 'n pa sy kind neem om te gaan offer.

Wat dit nog te meer rou en seermaak, is om te dink dat 'n pa enigsins bereid is om selfs oorweging daaraan te gee om sy kind te offer. En om te offer in hierdie geval was nie net mooi beloftewoorde soos in "Here, ek gee my kind vir U" nie. Abraham het die mes geneem om sy kind dood te maak soos jy 'n offerdier sou doodmaak. Hoe kan 'n Pa dit doen?

Dit het my nog dieper laat wonder en nog meer seergemaak: Hoe kan ons 'n God aanbid wat so iets van iemand verwag. As ons sê God is liefde, hoe kan God dit van Abraham verwag? Dit voel net nie reg nie.

So ek was nie lus om hierdie teks te preek nie. Maar die teks wou my nie los nie. Die Gees wou my nie los nie. So nou sal ek deurgee wat ek beleef en getuig hoe ek dit verstaan en vertolk vir my lewe, in die hoop dat dit vir jou ook iets sal beteken.

Net voor ek begin tik het aan die preek, lees ek 'n verhaaltjie wat Frank Viola vertel oor die kerk:

..."remind me of a guy who nicked his foot while mowing the grass. The man showed the wound to his wife, and she didn't know what to do. So he thought he better get down to the Emergency Room to get it checked out.

So he went to the hospital, walked through the Emergency Room front doors, and when he entered, he was greeted by two more doors. One door was marked "Male," and the other was marked "Female." So he went through the door marked "Male."

When he got inside, there were two more doors. One door said "Under 40." The other door said "Over 40." So he walked through the door marked "Over 40." He then found two more doors. One door said "Upper Body," and the other door said "Lower Body."

He took his foot through the "Lower Body" door and walked inside. Inside were two more doors. One door was marked "Internal," the other door was marked "External." So he went through the "External" door.

Inside there were two more doors. One was marked "Serious," and the other was marked "Not Serious." He walked through the door marked "Not Serious."

And he ended up in the parking lot.

When the man arrived back home, his wife asked, "Sweetheart, did they help you?"

He said, "No, but they sure were organized."

<http://frankviola.org/2017/06/22/twodoors/>

Ek het net weer besef met die lees van die teks: ons wil die geloofslewe wil so graag orden en organiseer, maar dan help dit ons nie altyd so lekker nie. Want die geloofslewe is 'n inbeweeg in die misterie van God. Dis om in te beweeg in die verwondering oor God. Dis om toe te laat dat die Heilige Gees jou aanraak en dat Jesus jou inspireer op maniere wat jy nooit kon dink nie. Dis om te besef dat die geestelike lewe oftewel geloofslewe 'n avontuur in vertroue is. Dis wat hierdie teks uiteindelik met my gedoen het.

1. Glo God

Geloof is nie altyd vir my maklik nie. Ek wens partykeer ek was soos een van die geloofshelde wat met absolute sekerheid kan sê: God het vir my gesê en dit gaan gebeur! Ek stres partykeer oor iets en as ek terugkyk oor hoe goed of reg dit uitgewerk het, is ek vies dat ek dan nou gestres het daarvoor.

Ek besef ek moet dit by Abraham leer. Abraham vat God op sy woord. Abraham glo God. Oor hom en sy geloof word selfs ook in die Nuwe Testament geskryf. Hebreërs 11 loof hom eintlik as 'n man van geloof:

Hebreërs 11:8-12

⁸Omdat Abraham geglo het, het hy gehoor gegee toe God hom geroep het om weg te trek na die plek toe wat hy as erfdeel sou ontvang. Hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou uitkom. ⁹Omdat hy geglo het, het hy in die beloofde land gaan woon, 'n vreemdeling in 'n vreemde land. ..

¹¹Omdat Abraham geglo het, het hy, hoewel Sara onvrugbaar was en hy al te oud, krag ontvang om 'n kind te verwek, omdat hy God wat dit beloof het, getrou geag het. ¹²Die gevolg was dat daar van een man, 'n man wat nie meer 'n kind kon verwek nie, kinders afgestam het so talryk soos die sterre van die hemelruim en so baie soos die sand van die see.

Ons het gelees dat Abraham hoor God roep hom om sy seun as brandoffer te gaan offer.

Dis skokkend. Onthou dat Abraham net vantevore sy ander seun, Ismael, wat by 'n slavin verwek is, moes laat gaan. Hy en Sara sy vrou het uit radeloosheid omdat die jare verbygaan en hulle nie 'n kind van hulle eie kan hê nie, gereël dat hy met Hagar die slavin trou en sy skenk toe geboorte aan Ismael. Sara het egter jaloers geword op Hagar en so moes hy haar en sy seun by haar in die woestyn agterlaat. Ook met 'n belofte van God dat God vir Ismael sal seën. En God red dan ook vir Ismael. Maar hier loop hy nou die risiko om die seun van hom en Sara wat sy nageslag moet verwek volgens die belofte van God, ook te verloor.

So weer word hy voor die keuse gestel om te glo dat God hier sal ingryp. Op die bevel van God vertrek hy om Isak te gaan offer.

Daar is geen waarborg dat God sal ingryp en dinge verander nie. Dit het my laat besef hierdie verhaal wil my leer: Geloof is om te glo dat God wat hom tot dusvêr gelei en versorg het, dit steeds sal doen, al lyk God se opdrag hoe eienaardig en onregverdig.

Hy weet net hy moet God volg. Dis geloof.

Hoe weet ons hy glo God sal sorg?

Vers 5 verraai iets:

Toe sê hy vir sy slawe: "Wag hier met die donkie. Ek en die seun gaan daar aanbid, dan kom ons terug na julle toe."

En vers 8 toe Isak vra waar is die lam om te offer:

Abraham het geantwoord: "My seun, God sal sy eie offerlam voorsien."

Geloof is om te bly doen wat God vra, al lyk dit hoe absurd. Geloof is om te doen wat God vra, al voel jy nie lus nie.

Geloof is om God te vertrou vir die uitkoms.

God sal sy eie offerlam voorsien. Geloof reken op God.

Die fokus van geloof is nie op die absurditeit van wat God van ons vra soos om jou kind te offer nie. Die fokus van geloof is om God te glo vir die voorsiening. Die fokus is nie op die offerdaad nie, maar of jy glo en dus vertrou dat God die uitkoms sal voorsien.

Geloof is om God te vertrou vir die uitkoms

Amper 10 jaar gelede het Carel le Roux, op daardie stadium saam met Annetjie ons sendelingpaar in Madagaskar, vir my gevra om die leierskapopleiding van hulle spankonferensie Madagaskar te hanteer. Na gebed en oorweging het ons saam besluit om die uitnodiging te aanvaar, en ek het dit destyds so aan die kerkraad gemotiveer:

1. Ek beleef my roeping om mense te inspireer binne die konteks van leierskapsontwikkeling
2. Hiermee beweeg ek binne die beleid van ons gemeente om volgens gawes en passie, sowel as in lyn met ons roeping ook missionêr op te tree

Die afgelope paar jaar het Carel en sy vrou, Annetjie baie nou begin saamwerk met pastoor Jonoro, 'n Malgassiese pastor wat dieselfde visie as hulle het: om lidmate toe te rus om self na die onbereiktes te gaan. Hy is tans besig met 'n opleidingsprogram, en Carel en Annetjie het my toe nou weer gevra om te gaan leierskapopleiding gee.

Wat Carel en Annetjie nie geweet het toe hulle my nou op versoek van Pastoor Jonora vra vir die leierskap opleiding se aanbod nie, is dat ek in daardie stadium vir God iets spesifiek gevra het, en ek het beleef hierdie versoek van hulle was deel van die bevestiging van God se wil as God se stem.

Om mense te inspireer, is my passie. Maar ek moet drie goed bieg: ek het nie geweet waar die geld vandaan gaan kom nie omdat ons nie in hierdie stadium in die gemeente borge wil soek nie agv ons bouprojek. Maar op 'n vreemde manier het ek vertrou dat ons bydraes gaan kry om ons te help. Die tweede ding: Jy word nie genooi en betaal soos besighede maak met sprekers nie. Jy moet op eie koste daar kom. Ek en Wilma het besluit as dit die finansiële offer is wat ons moet bring omdat ek moet gaan, dra ons self die duur vlugkoste. En die vliegtuigkaartjie na Madagaskar is ellendig duur. Derde ding: Ek het regtig gedink God gaan my op 'n ander manier gebruik as om weer in Madagaskar te wees.

Maar ek aanvaar dit as God wat my weer roep - en ek neem dit aan met die bedoeling dat daar video opnames gemaak word sodat Jonoro en ander leiers self in die toekoms hierdie toegespitste opleiding vir hul eie mense kan gee.

In die proses moes ek leer om wat vir my waardevol is, aan die Here te offer. Dit beteken ook my hoop, drome en planne.

In 'n geringe mate kon ek iets beleef van Abraham se binneste toe hy sy hoop vir die toekoms, sy seun, vir God moes offer.

So het ek verlede Maandag in Madagaskar geland:

LANDING IN MADAGASKAR



Die landingstoneel het omtrent dieselfde gelyk as 10 jaar gelede.

Hierdie keer het ek regtig meer van 'n kultuurskok beleef as die vorige keer. Eerder 'n omgewingskok.

Die vorige keer het ek by een van hulle opleidingsentra langs 'n meer opgetree - soos julle in die prentjie kan sien, is dit 'n netjies geboude lokaal.

Prentjie 10 jaar gelede opleidingslokaal AIM LEIERSKAP KONFERENSIE




Hierdie keer was dit my paadjie na die waar Jonoro se kerk en opleidingsplek is:

VIDEOGREEP RIT NA OPLEIDINGSLOKAAL

http://jannieleroux.co.za/jlr_wp/wp-content/uploads/2017/07/Mada2017.wmv

En so het hierdie keer se opleidingslokaal gelyk:

Prentjie Jonoro opleidingslokaal



Lokaal - kan vir Carel ook sien - kameraman





En die kerk



So tussen stof en sand en hitte - gelukkig was dit net 30grade...

Twee ander goed gebeur saam met die omgewingskok:

* Voordat ek vertrek het by die huis het hulle die Maandagnag voor ek halfvier opstaan van my Ma se aftreeoord om 02h geskakel om te sê sy het geval en hulle neem haar hospitaal toe, waarskynlik is haar heup gebreek of gekraak.

* Die Woensdag het Wilma op pad werk toe na Stellenbosch gestop by die lig wat oranje oorslaan by die Strawberry kruising en toe jaag iemand agter in ons nuwe motor vas en skryf die agterkant af.

Ek dink nie ek het die Here al hierdie goed vooraf hoor sê toe ek beleef Hy roep my nie.

Al waarop 'n mens na my mening kan reken in sulke tye, is nie eens jou eie geloof nie. Want nou wonder jy: Here, moet ek regtig my kind offer? Moet ek regtig die stof en sand en armoede verdra? Moet ek regtig die finansiële uitgawe maak? Is dit regtig U wat praat?

Al wat 'n mens deur die werking van die Heilige Gees kan doen, is om steeds in Gód te glo.

Want sulke tye ondersteun jou emosies nie jou geloof nie. Trouens, jou emosies kan jou juis laat weifel en omdraai. Jy kan net die Stem van God wat jy gehoor het, bly volg.

Geloof, het ons gesê, is om God te vertrou vir die uitkoms.

2. GOD IS GETROU

¹⁰Net toe Abraham die mes vat om sy seun te slag, ¹¹roep die Engel van die Here uit die hemel na hom:

"Abraham, Abraham!"

Hy het geantwoord: "Hier is ek!"

¹²Toe sê God: "Los jou seun! Moenie iets aan hom doen nie. Nou weet Ek dat jy My dien: jy het nie geweier om jou seun, jou enigste seun, aan My te offer nie."

¹³Toe Abraham weer kyk, sien hy agter hom 'n skaapram wat aan sy horings in 'n bos vasgevang is. Hy het die ram gaan vat en hom in die plek van sy seun as brandoffer geoffer. ¹⁴Toe noem Abraham die plek: "Die Here voorsien." Daar word nou nog gesê: "Op die berg van die Here word voorsien."

Die intensiteit van hierdie verhaal vang my elke keer. Net om in my gedagtes die hulpeloosheid in die vasgebinde Isak se oë te sien. Die hartseer in Abraham se oë. Die spanning as hy die mes naderbring.

Dan keer die Stem van die Engel van God. En Abraham sien God voorsien.

God is getrou. Elke keer het Abraham beleef God is getrou. God stel hom nie teleur nie en voorsien die offerlam.

Ek en Wilma gaan koop my vlugkaartjies met ons kredietkaart.

Een aand vra sy vir my of ek vir mense gaan vra vir fondse om te help bydra aan hierdie koste.

Ek moet weer bieg: ietwat geïrriteerd sê ek vir haar ek gaan nie mense bel nie. Sy kan dit maar doen as sy dan wil. Ek sal een of ander tyd 'n kursus aanbied.

So 'n dag of wat later wys sy vir my: sy het 'n brief gestuur na mense op haar adreslys om te vra of mense sou kon deel in hierdie roeping om ook die minderbevoorregtes te help met inspirasie en leierskap.

Ek stuur die brief op die ou einde ook via my blog en wonderbaarlik dra mense by om te help. Ek kon toe nie die kursus oor vreugde kort voor die opleiding aanbied nie, so sal dit hierdie kwartaal nog doen sodat dit ook kan help met die delging van die koste.

En die Here het voorsien. Mense wat ons nie ken nie en wat hiervan hoor, betaal geld in en sommige maak selfs verskoning dat dit so min is. Ons is so ontsettend dankbaar!

Op praktiese manier beleef ons: God is getrou.

Terug na Madagaskar: Ek sien in die lesinglokaal hoe mense se oë begin blink as hulle die beginsels verstaan wat ek verduidelik.

Pastoor Jonoro tolk natuurlik, want net hy en 2 ander verstaan Engels - die ander slegs hulle inheemse taal.

VIDEO So tolk hy:

http://jannieleroux.co.za/jlr_wp/wp-content/uploads/2017/07/MADA1.wmv

Hoor die omgewingsgeluide: die hoenders... Op hierdie oomblik het die musiek van die kroeg oorkant nie gespeel nie. Een dag lag Jonoro lekker en ek vra waarom. Hy lag en sê dat die kroeg ons in ag neem die dag - hulle speel geestelike musiek!

Ek kry van hom na die tyd hierdie sinnetjies:

Our thanks to you and your family and the church. Praying for you. You r our model.

Wie is ek om hulle model te wees?

Meteens is die omgewingskok nie meer belangrik nie. God is getrou.

You're our model.

Ek werk nog aan hierdie een. Op hierdie stadium is Abraham my model om regtig te glo: God is getrou!

3. GLO GOD IS GETROU

Toe ek terugdink oor die afgelope paar weke en oor hierdie teks en oor God, onthou ek:

Op 'n dag moes God getrou wees aan God se eie roeping. En Hy laat sy enigste Seun sterf as offer vir my en jou.

Hy wat Abraham se finale oorgee van sy seun aan die dood gekeer het, doen dit nie. Want God het ons so lief. Dat Jesus sterf in my en jou plek. Vasgebind aan 'n kruis. Deurboor deur spykers en spies.

God bly enduit getrou.

Daarom kon Paulus uitroep:

Romeine 8:38-39

³⁸Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte ³⁹of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

God is getrou.

En Paulus herinner dan in Romeine 8:28:

²⁸Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is.

Al wat ek na dese weer kan getuig:

GLO GOD IS GETROU!

Amen.

Seën

Die Here is voor jou om die pad gelyk te maak.

Die Here is langs jou om jou hand vas te hou.

Die Here is agter jou om die Bose te verslaan.

Die hand van die Here is onder jou om jou te dra as jy swak is en jou op te help as jy val.

Die Here is rondom jou om jou te beskerm.

Die Here is bokant jou om jou te seën.

Die Here is binne-in jou, want Hy lei jou deur sy Heilige Gees.

Die Here is vir jou, want Jesus pleit vir jou.

Die drie-enige God is by jou, van nou af tot in ewigheid.

Glo God is getrou!